Wil jy as ‘n geregistreerde berader ‘n diens aan die gemeenskap lewer?

B.ED HONS (Opvoedkundige Sielkunde)

Psigometrie / Skoolberading

Die B.Ed Hons (Opvoedkundige Sielkunde) is ‘n nagraadse kwalifikasie wat jou instaat stel om as ‘n geregistreerde berader sielkundige beradingsdienste aan die gemeenskap te lewer.

Die graad is in Augustus 2003 by die Raad op Gesondheidsberoepe (HPCSA) geakkrediteer met beraderstatus, wat beteken dat jy na afloop van jou studies as ‘n professionele berader kan registreer en jou dienste aan die gemeenskap aanbied.

Die B.Ed Hons (Opvoedkundige Sielkunde) word vanaf 2004 in twee kontekste aangebied, waarvan studente een moet kies:

- Psigometrie
- Skoolberading

Die Psigometrie-konteks sal noodsaaklike opleiding in die gebruik van psigometriese toetsinstrumente verskaf. Dit sluit opleiding in die gebruik van intelligensietoetse, aanlegtoetse, sekere geselekteerde persoonlikheidstoetse en belangstellingsvraelyste in.

Die Skoolberadingskonteks sal studente met basiese beradingsvaardighede toerus om ernstige sosiale, emosionele en gedragsprobleme wat geassosieer word met onder andere MIV/VIGS, geweld in skole, dwelmmisbruik aan te spreek. Leerondersteuning vorm ‘n integrale komponent van die opleiding.

Studente in albei kontekste sal opleiding ontvang in:

- die identifikasie van probleme/simptome vir professionele verwysing,
- basiese korttermyn en ondersteunende beradingsvaardighede sowel as die ontwikkeling van psigo-opleidingsprogramme,
- interdissiplinêre samewerking en die skepping van ‘n verwysingsnetwerk,
- etiese aspekte rondom assessering en intervensie met kinders en hulle gesinne.

OPLEIDINGSMODEL

Die B.Ed Hons (Opvoedkundige Sielkunde) word voltyds (een jaar) of deeltyds (twee jaar) aangebied. Die opleiding bestaan uit 3 komponente:

- Teoretiese opleiding (Kontaklesings op Groenkloof kampus; klasbywoning noodsaaklik)
- 200 ure praktiese opleiding (Gedurende weeksdae en enkele werkswinkels op Saterdae)
- 6 maande voltydse leerskap (opsioneel, maar ‘n vereiste vir registrasie by HPCSA)

TOELATINGSVEREISTES

Jy kan vir die B.Ed Hons (Opvoedkundige Sielkunde) aansoek doen indien jy:

- oor ‘n driejarige graad beskik met Sielkunde III en relevante ervaring in opvoeding en onderwys,
- oor ‘n BA graad (Sielkunde III) tesame met ‘n NGSO OF ‘n B.Ed graad met Sielkunde III beskik,
- enige ander erkende onderwyskwalifikasie met Sielkunde III beskik,
- oor ‘n driejarige graad beskik met Sielkunde III

Studente wat oor geen opvoedkunde/ onderwysvakke beskik nie, mag wel voorwaardelike toelating ontvang wat onderhewig is aan ‘n mondelinge eksamen na afloop van selfstudie en observasie by skole.

VERDERE INLIGTING

Toelating tot die B.Ed Hons (Opvoedkundige Sielkunde) is onderhewig aan keuring. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **31 AUGUSTUS.** GEEN laat aansoeke sal oorweeg word nie. Keuring vind plaas gedurende September.

Aansoekvorms is beskikbaar by Me Bronwynne Swarts, Administrasiegebou op Groenkloof-kampus. Tel: 012 420 5679.

Vir verdere navrae oor kursusinhoud, skakel asb Mnr Alfred du Plessis, tel 012 420 5503.

Would you like to render a community service as a registered counsellor?

B.ED HONS (Educational Psychology)

Psychometrics/ School counselling

The B.Ed Hons (Educational Psychology) is a postgraduate qualification that enables you to render psychological counselling services to the community as a registered counsellor.

The degree was accredited by the Health Professions Council with counsellor status in August 2003, which means that you can register as a professional counsellor with the HPCSA and render your services to the community.

From 2004, the B.Ed Hons (Educational Psychology) will present training in two contexts, of which students can select one:

- Psychometrics
- School counselling

The Psychometrics context will present essential training in the use of psychometric instruments. It will include training in the use of intelligence tests, aptitude tests, certain selected personality tests, as well as interest questionnaires.

The School Counselling context will equip students with basic counselling skills to address serious social, emotional and behavioural problems associated with amongst others HIV/AIDS, violence in schools and substance abuse. Learning support will form an integral component of the training.

In both contexts, students will receive training in:

- the identification of problems/symptoms for professional referral,
- basic shortterm supportive counselling skills as well as the development of psycho-education programmes,
- interdisciplinary functioning and the creation of a referral network,
- ethical aspects surrounding assessment and intervention with children and their families.

TRAINING MODEL

The B.Ed Hons (Educational Psychology) is presented full-time (one year) or part-time (over a period of two years). The training consists of 3 components:

- Theoretical training
  (Contact lectures on Groenkloof campus, attendance is essential)

- 200 hours practical training
  (During weekdays and workshops on some Saturdays)

- 6 months full time learnership (optional but required in order to register with HPCSA)

ENTRY REQUIREMENTS

You can apply for the B.Ed Hons (Educational Psychology) if you have:

- a three year degree with Psychology III and relevant experience in education and training,
- a BA degree (Psychology III) together with a PGCE OR a B.Ed degree with Psychology III,
- any other recognised educational qualification with Psychology III,
- a three year degree with Psychology III

Students who have no educational modules may be provisionally accepted if they pass an oral examination after the completion of self-study and observations at schools.

FURTHER INFORMATION

Entry to the B.Ed Hons (Educational Psychology) is subject to selection. The closing date for applications is **31 AUGUST.** NO late applications will be considered. Selection will take place during September**.**

Application forms are available from Ms Bronwynne Swarts, Administration building on Groenkloof Campus. Tel: 012 420 5679.

For further information about course content, you may contact Mr Alfred du Plessis, tel. 012 420 5503.